# Tuks-sentrum wil prokureur probeer red uit Swazi-tronk

**Waldimar Pelser**
Media24-Afrika-kantoor

Die Universiteit van Pretoria (UP) se Sentrum vir Menseregte wil tot die redding kom van 'n oud-Tukkie wat in Swaziland in die tronk sit.

Die sentrum het gister gesê wetgewing wat koning Mswati III se regime verlede week gebruik het om die menseregte-prokureur adv. Thulani Maseko te arresteer is waarskynlik "ongrondwetlik".

Dit is ook strydig met Swaziland se verpligtinge ingevolge die internasionale reg.

Maseko, die prokureur van die Swazi-opposisieleier mnr. Mario Masuku, het in 2005 'n LL.M.-graad in menseregte en demokratisering aan die UP behaal en is 'n oudstudent van die Sentrum vir Menseregte.

Hy het verlede Donderdag in 'n Swazi-hof verskyn weens beweerde "revolusionêre bedrywighede" nadat hy twee mans glo op 1 Mei vryheidsvegters genoem het terwyl hulle volgens Mswati se regime eintlik terroriste was.

Die mans is verlede jaar in 'n beweerde terreuraanval dood.

Die sentrum het gister gesê Swaziland se Wet op Sedisie en Revolusionêre Bedrywighede, wat tronkstraf van soveel as 20 jaar vir Maseko toelaat, is strydig met dié land se grondwet én internasionale menseregteverdragte wat die regering onderteken het.

"Vryheid van spraak is 'n basiese mensereg wat in die Swazilandse grondwet erken word."

Hulle bevraagteken daarom die wet se grondwetlikheid en die toepassing daarvan op Maseko, en eis dat hy vrygelaat word hangende 'n hofsaak oor die wet se geldigheid.

Die sentrum het gesê hy sal sulke regsaksie steun.

Maseko het verlede jaar in 'n artikel in die *African Human Rights Law Journal* geskryf: "Die probleem met Swaziland se politiek-grondwetlike situasie is dat dié wat aan die bewind is, sê hulle regeer met goddelike gesag.

"Maar 'n regering kan net legitiem wees solank dit berus op die steun van dié wat geregeer word. Dit lyk nie asof Swaziland se tradisionele gesag dít besef nie."

Volgens mnr. Lucky Lukhele, leier van die Swaziland-Solidariteitsnetwerk (SSN), was Maseko teen gisteraand steeds in aanhouding en het hy sy planne vir 'n borgtogaansoek "laat vaar".

"Hy weet dit sal geldmors wees. Hy bly nou eerder saam met Mario (Masuku) in die tronk."

Masuku is die leier van Pudemo, die voorste opposisiegroep in 'n land waar alle politieke opposisie sedert 1973 verbied word, en is self reeds ses maande in die tronk.